Nuusbrief – Mpumalanga 2014 Ope

Verslag van Mpumalanga voorsitter

Op 12 April 2014 is die Mpumalanga Ope gehou op die plaas Rustfontein in die Volksrust Distrik gehou. Dit was n baie aangename herfsoggend met aanvanklik geen wind en baie mis. Skuts het van 8:00 af begin inskryf en die dag het ongeveer 10h00 begin weens die digte mis op die inskietbaan.

Daar was 88 deelnemers en die toestande was ideal vir goeie tellings siende dat daar slegs n ligte briesie gewaai het. Die kompetisie het ongeveer 16h00 geëindig met almal terug by die plaaswerf waar gesellig onder die bome gekuier is en die vleisbraai het gevolg.

Te danke aan ons Borge was daar ongeveer R10 000 se pryse en ons wil graag in besonder vir Quartermaster Gunshop en Lowveld Hunting Supplies bedank vir hulle borgskappe. Beide geweerwinkels is van Volksrust.

Alle skietposisies was oor natuurlike russe en daar is baie moeite gedoen om te verseker dat alle bane in nuwe areas gebou is wat nog nooit voorheen gebruik is nie. Die SAJAGTERSVERENING Majuba tak het baanoffisiere voorsien en ons is baie dankbaar vir hulle hulp om die dag n groot sukses te maak.

Daar was 6 tellings bo 800 met Marius Moolman wat met 840/900 gewen het. Sy seun Wian het 3de geëindig met 820/900, n ongelooflike prestasie siende dat Wian nog n penkop is.

Verder het 13 skuts bo 700 geeindig en 16 skuts tussen 600 en 700. Meer as 60 skuts het bo 450/900 punte gekry. Dit was dus n baie gebalanseerde kompetisie.

Die bane en afstande was asvolg:

Baan 1- Springbok - staande oor n klip kraalmuur - 196m

Baan 2 - Gonge - staande deur die venster van n ou klip murasie - 229m, 266m, 294m, 234m, 218m

Baan 3 - Kombinasie baan - Vlakvark staande vryhand sonder rus oor 60m (2skote), en dan n Blesbok, sittend oor n omgevalde bloekomboom stomp oor 193m.

Baan 4 – Gonge - geskiet oor n lae kraalmuur - 195m, 176m, 221m, 254m, 296m

Baan 5, Gonge, lê oor n gras damwal - 265m, 361m, 305m, 238m, 312m

Baan 6 - Rooibok - lê posisie oor afgesaagde boomstompe - 326m

Baie geluk aan al die wenners en baie dankie aan almal wat die dag n groot sukses gemaak het.

Francois Martins

Inskrywings die oggend

Francois verduidelik die dag se reëlings en baan uitleg

Photo: Bianca van der Merwe

Baan 3 – Vlakvark en Blesbok

Photo: Bianca van der Merwe

Baan 5 - Gonge

Photo: Bianca van der Merwe

Baan 4 – Gonge

Baie dankie aan Francois Maartins en sy span vir die aanbied van die Mpumalanga Ope 2014.